

8 November - TENT

Skrif- en Fokusgedeelte: Jesaja 54:1-7

Vir 'n volk wat in die verre Babilon as ballinge weggevoer is, kom hierdie troos: "Jou tent sal te klein wees." Te klein? Vir 'n onvrugbare vrou sonder kinders – te klein?

Hoekom is die tent te klein? God se genade is so groot! – te groot vir ons kerk, vir ons leefwyse. Ons moet die tentdoeke vergroot.

Nee, ons moet nie soepel wees om by menslike verwagtinge aan te pas nie. Die tent moet groter wees om voorsiening te maak vir wat God vir die onvrugbare vrou – die kerk – wil doen. Uit onself kan daar geen groei in God se kerk wees nie – deur haar sonde en swakheid is die kerk net 'n onvrugbare vrou.

Israel moet weet: Die Here gaan sy kerk nie meer net tot Israel beperk nie – ná die ballingskap het die tyd ryp geword vir die koms van ons Here Jesus en die uitreik na mense van alle volke nasies en tale. Hierdie vooruitsig moes die Ou-Testamentiese kerk bly maak – en so moet dit ons bly maak. So kom God se koninkryk – in die groei van die kerk.

Hy is die Maker – Hy is die Vader wat lewe gee aan dooie sondaar-mense. Daarom handel die vorige hoofstuk, Jesaja 53, oor die kneg van die Here wat sy lewe gegee het sodat sondaars gered kan word. Hy het sy lewe gegee dat ook nie-Jode deel van God se bruid kon word. Die kerk moet groei.

Ons is God se vrou in hierdie wêreld – God is die Vader en die kerk die moeder van alle gelowiges. *Hy wat jou gemaak het, is jou man, sy Naam is die Here die Almagtige. Die Heilige van Israel is jou Verlosser; Hy word die God van die hele wêreld genoem (vs 5).*

Laat ons dan die tentdoeke vergroot oor die hele wêreld heen! En laat ons begin naby ons.

Sing: Psalm 67:1, 2 (1936-beryming)

Ds PA Odendaal (Harrismith en QwaQwa)